

22 DESEMBER

SKRIFGEDEELTE: LUKAS 1:6-45
FOKUSGEDEELTE: LUKAS 1:39-45

Die Heilige Gees laat ons jubel in die Here

Ons lees hier van twee besonder begenadigde vroue. *Elisabet*, die ou, kinderlose vrou verneem dat Johannes gebore sou word. Wat 'n vreugdeboodskap! *Maria*, die verloofde jongvrou, verneem ook dat sy 'n Seun in die wêreld sou bring. Vir haar hou dit egter verreikende gevolge in! Haar oënskynlike ontrouheid hou in dat Josef van haar kan skei en dat die geestelike leiers haar met klippe kan doodgooi (Deut. 22:23, 34). Josef, haar verloofde, het wel op 'n stadium daaraan gedink om die verlowing te verbreek, maar die Here het hom van sy plan laat afsien (Matt. 1:20, 21).

Een sentrale element in hierdie gedeelte is dat die Heilige Gees kragtig werk sodat Jesus se teenwoordigheid in die betrokke mense se lewens geheilig word. Josef is verhinder om van Maria te skei. As Maria vra (vs. 34), "Hoe is so iets moontlik, aangesien ek nog nooit omgang met 'n man gehad het nie?" dan oortuig die Heilige Gees haar om haar tot God se beskikking te stel. Wanneer Maria by Elisabet kom, dan laat die Heilige Gees Elisabet profeties na Maria verwys as die moeder van "my Here". Dit is die Heilige Gees wat die kindjie Johannes in Elisabet laat beweeg in Jesus se teenwoordigheid. Die Heilige Gees het op elk van die vier persone 'n besonderse uitwerking gehad met betrekking tot die teenwoordigheid van Jesus in hulle lewens.

Watter uitwerking het Jesus se teenwoordigheid in ons lewens? Watter optrede bewerk die Heilige Gees in ons? Kom ons in beweging van vreugde en dankbaarheid oor alles wat Jesus vir ons bewerk het (soos Johannes)? Openbaar ons ons geloof in krisistye (soos Maria en Josef)? Getuig ons van sy liefde en trou (soos Elisabet)?

Bid God die Heilige Gees om sy lewewekkende, oortuigende werksaamheid.

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Ds Braam van der Walt (Christiana/Bloemhof)